# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (44/10)*

*Justin Chadwick (12 November 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK ***"I have not failed. I've just found 10,000 ways that won't work"*** *Thomas Edison*

## WES-KAAPSE BOER VAN DIE JAAR

Die broers Alwyn, Lieben en Gerrit van der Merwe (ALG Landgoed) is die wenners van die gesogte Wes-Kaapse Boer van die Jaar Toekenning vir 2010 – baie geuk!!! ALG is in 1974 gestig en die broers boer tans met 600 hektare nawels, sagte sitrus, Valencias, suurlemoene en pomelo's. Goed om te sien dat die sitrusvlag hoog in die Republiek van die Wes-Kaap waai.

## POMELO TERUGVOERING SESSIES

Jeff McNeil van Market Makers, Japan sal in Suis-Afrika wees om terugvoering oor die pomelo-promosies wat gedurende 2010 in Japan plaasgevind het, te gee. Die volgende vergaderings is gereël: Maandag 22ste November **NKWALINI** 10:00 @ Nkwalini Farmers Hall; Dinsdag 23ste November **ONDERBERG** 09:00 @ Malelane Sitrus Koop se Kantore; Woensdag 24ste November **HOEDSPRUIT** 09:00 @ Hengelklub; Woensdag 24ste November **LETSITELE** 15:00 @ Letaba Junction. Die agenda sluit terugvoering in oor die Japan pomelo-promosies, VK pomelo-promosies, koördinering van verskeping na Japan en beplanning vir 2011. Op Donderdag 25 November gaan Jeff na Kaapstad reis om met uitvoeragente (Stuart Symington reël dit) te vergader. As daar enige ander streek is wat terugvoering verlang, kontak asseblief vir justchad@iafrica.com.

## LOGISTIEKE FOKUSGROEP

Geskoei op die sukses van die Variëteitsfokusgroepe, beplan die CGA om 'n Logistieke Fokusgroep (LFG) in 2011 te vorm. Die doelwit is om te verseker dat CGA in noue kontak met die streke bly in terme van hul logistieke behoeftes wat aangespreek moet word, terwyl dit ook 'n terugvoeringskanaal is vir aktiwiteite wat deur CGA uitgevoer word. Sedert die byvoeging van die logistieke portfolio, het Mitchell Brooke baie sake bevorder tot op 'n punt waar insette vanaf die streke benodig word, die LFG sal verseker dat dit op 'n deurlopende basis geskied. Alle streke sal uitgenooi word om verteenwoordigers vir hierdie groep tydens die CGA se ROADSHOWS te kies (geskeduleer om in laat Februarie 2011 plaas te vind) – begin dink solank wie jou streek se mees geskikte kandidaat sal wees.

## GEPAK EN VERSKEEP

Dit lyk asof die 2010 sitrusseisoen finaal verby is met geen toenames in die syfers van wat verpak is die afgelope week nie. Ons moet dus op 99 (miljoen) afsluit!!

PPECB het hul syfers van wat verskeep is aangepas om "high cube" palette in berekening te bring. As dit wat in 2008 verskeep is vergelyk word met wat in 2010 verskeep is (gegewe die laer volumes en ontwrigte markte in 2009) is dit duidelik dat uitvoere na nuwe markte beweeg – waar in 2008, 52% van die totale sitrusuitvoere na die EU gegaan het (Europa-kontinent en die VK); het in 2010 slegs 44% na hierdie markte gegaan. Uitvoerders het verkies om hul sitrus na Midde-Ooste (2008 18%; 2010 22%) en Rusland (2008 9%; 2010 12%) te stuur. In 'n onlangse "Fresh Produce Journal" artikel wat berig het oor die handel in vars produkte tussen VSA en VK- is die volgende uittreksel stof vir nadenke "What was the point of supplying food to UK supermarkets who were discounting them so heavily that supply chain profitability became so difficult? The report mooted that if the situation continued, US suppliers might instead consider the ever-expanding and financially attractive range of markets that were opening up around the world" – met Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere na die VK wat vanaf 13% (2008) na 10% (2010) geval het mag ons dalk alreeds hierdie neiging ervaar [vererger deur die menigte VK supermark standaarde, sertifisering, ens].

| Tot Week 43 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep * | Oorspronklike Skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2008 | 2009 | 2010 | 2009 | 2010 | 2010 | 2010 | 2009 | 2009 |
| Pomelo'st | 12.8 m | 14 m | 12.5 m | 13.7 m | 12.2 m | 12.6 m | 12.5 m | 14.2 m | 13.7 m |
| Sagte Sitrus | 7.3 m | 6.8 m | 7.5 m | 6 m | 7.1 m | 7.5 m | 7.5 m | 6.8 m | 6 m |
| Suurlemoene | 9.6 m | 8.6 m | 9.6 m | 7.6 m | 9.4 m | 9 m | 9.6 m | 8.7 m | 7.7 m |
| Nawels | 21.5 m | 19.4 m | 22.9 m | 19.1 m | 22.6 m | 21.4 m | 22.9 m | 19.4 m | 19.1 m |
| Valencias | 43 m | 38.4 m | 46.5 m | 35.1 m | 45.9 m | 41.3 m | 46.5 m | 38.5 m | 35.3 m |
| Totaal | 94.2 m | 87.2 m | 99 m | 81.5 m | 97.2 m | 91.8 m | 99 m | 87.6 m | 81.8 m |

* Syfers van wat verskeep is in 2010 is op nuwe omskakelings gebaseer om "high cube" palette in berekening te bring

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**